Wat gaan hier aan? 4

Beeld

Jou wêreld, Jou koerant

Vrydag 27 September 2013 R7,50

Schalk gee babatree terug na Bokke 25

Treursang

moet niks sê nie kyk voor jou
deur die motor se ruit
moenie praat nie
kyk na die berg terwyl die son sak
moet niks sê oor die berg en niks
oor die standaardige snye
teen die rotsbant nie
die berg se voor is bloedterwêl
asof gordyn wag om oopgetrek te word
en aan te kondig: groot man
het vandag gesterf
praat nie oor die plakkershuise
rega van die pad nie uitgestrooi
duskant die berg as verweerde
lepoblokkies die kleur reeds dof
en vuilgemaal met skellewoorde
met droefnis en warhoop
lipsoe armoede
die tik tik tik
asof iets verdrietend oop wil spin
bokant die berg slaap wolk
rustig soos hond in sy hardeilhok
rooinat snoot op die pote
start effens uitgewaaier
miskien grom hy later luid
miskien tjank hy paar druppels neer
miskien sal die wind hom vannag
wegneem aan ketting verdriet
toeluiz in kanka se knetterende vuur
moet niks sê nie kyk voor jou
deur die motor se ruit
moenie praat nie –
geliefde man het pas gesterf

– Marlise Joubert

Mandela-standbeelde

Oudpres. Nelson Mandela is 'n wêreldwye ikoon, wat in stede oral deur standbeelde gedenk word.

1 **Worcester**. Onthul voor sy verjaardag op 18 Julie 2012.

2 Die Grock Drakensteiny-gevangenis in die **Paarl**. Onthul in Augustus 2008.

3 Die **Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum**. Om Mandela se 94ste verjaardag te vier, het die Duitse juweliers-kunstenaar Tom Rucker die kunswerk uit platinumdrade geskep.

4 Van oglesdraad in **St. George-wandel-laan**, Kaapstad.

5 Die **V&A Waterfront** in Kaapstad. Onthul in April 1992.

6 Nobel-plein, **V&A Waterfront**. Ontwerp deur Noria Mabasa en Claudette Schreuders.

7 Mandela-dorpie naby die **Kwalata-wildreservaat** in Gauteng. Lewensgroot.



8 Van kraletjies by die **O.R. Tambo-lughawe** in Kempton Park.

12 **Sandton-plein** is in Maart 2004 herdoop tot Nelson Mandela-plein. Beeld is 6 m hoog.

9 **Kaapstad**. Onthul in Januarie 2010. Gesklap deur John Francis Gardner.

10 **Bloemfontein**. Onthul in Desember 2012. Die hoogste Mandela-beeld (6,5 m).

11 Die Nelson Mandela Akademiese Hospitaal in **Mthatha**.

14 **Port Elizabeth**. 'n Kunstenaars voorstelling van die 125 m hoë rotsende beeld wat opgerig sou word. Teen sonondergang sou dit in die rigting van Robbeneiland kyk.

13 **Howick**. Gebou om die 50 jaar sedert Mandela se inhegtenisneming op dieselfde plek te vier. Dit bestaan uit 50 staalpale wat sporadies verspreid is, maar van 'n selfde afstand af is Mandela se gestalt sigbaar. Ontwerp deur die Suid-Afrikaanse kunstenaar Marco Cianfanelli.

15 **Kempton Park**. Onthul in 2002.

17 'n Standbeeld van Mandela word binnekort in **Washington** onthul. Ebrahim Rasool, Suid-Afrikaanse ambassadeur in die VSA, het die werk aan sien Obama toevertrou. Dit is 'n replika van die een in die Paarl. Dit sal voorkant Winston Churchill se beeld in Massachusetts Avenue staan.

21 **Den Haag**. Onthul in September 2012 deur emeritus-aartsbiskop Desmond Tutu.

16 **Lima**, Peru. Onthul in Mei 2010. Gesklap deur Humberto Hoyos Gadivara.

19 Buite die Royal Festival Hall in Southbank, **Londen**. Onthul in Oktober 1985. Gesklap deur Ian Walters.

20 Madiba Bantwini, Mandela se Nobel-Vredesprijs-medaljewinner in die wêreldkunsgalerij.

22 Parlementsplein, **London**. Onthul in Augustus 2007. Die vestiging daarvoor is in 2000 deur die Suid-Afrikaanse joernalis Donald Woods van stapel gestuur.

AFP, Getty Images, Beeldbank



Die oorspronklike dokument wat Mandela gebruik het as openingsverklaring in die Rivonia-verhoor. Foto: WITS

Dokument by Wits sê waarom hy lewe sal gee

Elsabé Brits

Kaapstad. – Die nommer op die dokument is Bc10 in die AD1844-versameling, maar die woorde daarin verduidelik hoekom een man "gereed is om te sterf".

Dit is die openingsverklaring wat Nelson Mandela op 20 April 1964 in die Rivonia-verhoor gemaak het.

Die dokument is nou deel van 'n historiese dokumente-versameling wat reeds in 1966 opgeneem is by die Universiteit van die Witwatersrand.

"In my leftyd het ek myself verbind tot die struggle van Afrikane. Ek het geveg teen wit oorheersing en ek het geveg teen swart oorheersing. Ek het die ideaal gekoester van 'n demokratiese en vrye samelewing waarin alle mense in harmonie en gelyke geleentheede saamleef. Dit is 'n ideaal waarvoor ek hoop om te leef en om te sien realiseer. Maar indien dit nodig is, is dit 'n ideaal waarvoor ek bereid is om te sterf."

Mandela het sy rede met dié nou historiese woorde afgesluit. In die dokument van 12 petikte bladsye het hy enkele kantaantekeninge gemaak en ook deels doodgetrek. Op een plek het hy "NB!" geskryf langs die volgende woorde: "Maar die geweld wat ons gekies het om aan te neem, was nie terrorisme nie. Ons wat Umkonto (sic) gestig het, was almal lede van die African National Congress en agter ons was die ANC-tradisie van geen geweld en onderhandeling as 'n manier om politieke dispute op te los. Ons het geglo dat Suid-Afrika aan almal behoort wat daarin bly en nie aan een groep nie, ongeag of dit swart, of wit is. Ons wou nie 'n oorlog tussen rasse hê nie en probeer om dit tot op die laaste te vermy." Dan praat hy oor hoe die pasbook-wet swart mense vernedar.

Wit mense kyk nie na swart mense as "mense wat ook families van hul eie het nie, hulle besef nie dat hulle emosies het nie – dat hulle vertief raak soos wit mense nie, dat hulle ook by hul vrouw en kinders wil wees nie, dat hulle geld wil verdien om behoorlik vir hulle te sorg, hulle te voed, klee en hulle skool toe te stuur nie".

Die weer in Beeld

Gebeurd deur pharma dynamics